# Kommunikasie uit die Raadsvergadering van Maandag 19 Junie

Die oorheersende sentiment ná vanjaar se tweede US Raadsvergadering op Maandag 19 Junie was dat die Universiteit, as 'n instelling, op koers is om sy akademiese mandaat uit te voer, ondanks die ernstige uitdagings waarvoor die hoëronderwyssektor tans staan.

Die bestuursverslae wat by die vergadering voorgelê is, toon dat die US flink vooruitgang maak op internasionale navorsingsgebied en gereedmaak om 'n sterker sosiale impak te hê te midde van onstabiele studentefinansiering en die agteruitgang in nasionale kragvoorsiening. Dít stel die Raad gerus dat die Universiteit toegespits, aanpasbaar en veerkragtig is, wat goed beloof vir die toekoms van die instelling.

**Verkiesing van ondervoorsitter van die Raad**

Mnr Jannie Durand, uitvoerende hoof van Remgro, is by hierdie vergadering as ondervoorsitter van die Raad verkies. Jannie is reeds 'n hele aantal jaar lid van die Raad en het al in verskeie hoedanighede gedien, waaronder in die Uitvoerende Komitee en die Oudit- en Risikokomitee. Ek sien daarna uit om in hierdie nuwe rol met hom saam te werk.

**Raadsaanstellings**

Die Raad het ook Bertina Engelbrecht as 'n nuwe lid aangestel. Bertina is tans die groep-uitvoerende hoof van die Clicks Groep. Dié opgeleide prokureur het haar regsgrade aan die universiteite van Wes-Kaapland en Kaapstad verwerf en 'n program in Bestuursontwikkeling aan die Stellenbosch Bestuurskool voltooi. Sy sluit haar vanaf 1 September by die Raad aan.

Ons het totsiens gesê aan Masilo Silokazi en Phiwokuhle Qabaka, wat as Raadslede sal uittree sodra hulle termyne in die Studenteraad (SR) eindig. Albei het waardevolle bydraes tot die Raad se gesprekke gelewer, en ons sien daarna uit om ook met hulle opvolgers saam te werk.

**Bestuursverslae**

Die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het in sy bestuursverslag (Hoogtepunte en Bylaag) 'n aantal beduidende prestasies en suksesse uitgelig wat tot die US se toenemende internasionale profiel en aansien bydra.

Een van dié merkwaardige prestasies is die skep van klusters van uitnemendheid onder die vaandel van die Afrika- en Europese Unie se Innovasie-agenda, wat onder leiding staan van die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie en die Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite. As deel van dié inisiatief, sal die US as leier of medeleier optree van vier klusters van uitnemendheid, naamlik in kunsmatige intelligensie, datawetenskap en teoretiese en rekenaardenke; genomika vir gesondheid in Afrika; natuurgebaseerde oplossings vir klimaatsverandering; en hernubare energie. Daarbenewens is die Universiteit 'n vennoot in die kluster van uitnemendheid oor multimorbiditeit, waarvan die universiteite van Ghana en Warwick medeleiers is.

Dít volg kort na nóg 'n groot mylpaal – die opening van die hipermoderne Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI) op die US se Tygerbergkampus in April. Hierdie wêreldklasfasiliteit is nie net 'n plek vir innoverende navorsing oor van die samelewing se dringendste uitdagings nie, maar ook 'n tuiste vir die voorste kenners op die uitgebreide gebied van biomediese navorsing. Ek was bevoorreg om verlede week saam met

prof Elmi Muller, dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en haar kollegas deur hierdie ongelooflike fasiliteit te kon stap.

Benewens die klem op die Universiteit se prestasies, het prof De Villiers ook die ernstige uitdagings in die sektor aangeroer, veral die onvoldoende bystand wat die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) aan kwalifiserende NSFAS-studente voorsien (met ernstige gevolge vir hulle daaglikse bestaan en verblyf) en die dreigende gevaar van verlengde tydperke van beurtkrag. Die bestuur werk hard aan albei hierdie kwessies.

Wat beurtkrag betref, het die Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, 'n omvattende oorsig gebied van die maatreëls wat getref is om gepaardgaande risiko's te beperk en steun te verleen aan studente en personeel in wat heel waarskynlik 'n tyd van ongekende spanning sal wees. Die Raad het terselfdertyd ook gehoor van die Universiteit se planne om op kort en mediumtermyn fotovoltaïese oplossings op alle kampusse in werking te stel.

Prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, het sy verantwoordelikheidsentrum se jaarverslag voorgelê, wat onder andere lig gewerp het op die vordering om beduidende transformasie by die Universiteit teweeg te bring. Sy aanbieding is op gepaste wyse ondersteun deur prof Aslam Fataar se verslag oor die werk van die Komitee oor die Institusionele Reaksie op die [Khampepe-]Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe). CIRCoRe se werk is goed op dreef en is 'n aansienlike stap vooruit om transformerende verandering in die hand te werk.

Dr Antoinette van der Merwe, senior direkteur van Leer- en Onderrigverryking, het die Raad op haar beurt van die goeie vordering met meertaligheid by die US vertel. Dít sluit in 'n onlangse taalwerksessie vir studenteleiers wat deur die Taalsentrum aangebied is, waar die Universiteit se Taalbeleid en die vertolking daarvan van nader bekyk is. Die doel van die sessie was om taalverwante sake op te helder deur 'n dieper begrip van en waardering vir die taaldiversiteit in die Universiteitsgemeenskap te skep.

Laastens het prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, 'n aanbieding gedoen oor die voorgestelde aanwysers wat as die telkaart vir 2023/24 sal dien. Die telkaart is 'n belangrike instrument wat die US 'n gestruktureerde manier bied om die prestasie van sowel die instelling as die bestuur te beoordeel. Dit belyn institusionele aktiwiteite, moedig deurlopende verbetering aan, verseker verantwoordbaarheid, en bevorder datagegronde besluitneming. Die telkaart vir 2024 sal by die laaste Raadsvergadering van 2023 goedgekeur word.

**Verslag van die Lewis-komitee**

Die Raad wag op die verslag van die Lewis-komitee wat aangestel is om bewerings van nepotisme ten opsigte van die Rektor se diskresionêre plasings, in die besonder plasings van familielede van die Rektor, te ondersoek.

**Slotopmerkings**

Hierdie vergadering het opnuut bewys dat die Universiteit daartoe verbind bly om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word, en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder. Hierdie waagmoedige strewe vereis eerlike gesprekvoering, aansienlike belegging en 'n veerkragtige fokus. Daarom is ons gelukkig om sulke toegewyde belanghebbendes te hê. Dit kan ons kosbare instelling en ons studente net baat.

**Dr Nicky Newton-King**

**Voorsitter van die Raad van die Universiteit Stellenbosch**